HOSHĚA

1 Die woord van יהוה wat na Hosheă, die seun van Be'ěri, gekom het in die dae van Usijah, Jotam, Agas, Jaḥiskija, konings van Jahuda, en in die dae van Jarob̲'am, die seun van Joash, koning van Jisra'ěl.
2 Die begin van die woord van יהוה aan Hosheă. En יהוה het vir Hosheă gesê: "Gaan, neem vir jou 'n hoervrou en hoerkinders, want die land het uitermate gehoereer weg van יהוה."
3 Toe het hy gegaan en Gomer, die dogter van Dib̲lajim, geneem, en sy het swanger geword en vir hom 'n seun gebaar.
4 En יהוה het vir hom gesê: "Noem sy naam Jisre'ěl, want nog 'n klein rukkie, en Ek sal die bloedskuld van Jisre'ěl aan die huis van Jěhu besoek en 'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Jisra'ěl.
5 "En in daardie dag sal Ek die boog van Jisra'ěl breek in die Vallei van Jisre'ěl."
6 En sy het weer swanger geword en 'n dogter gebaar. En Hy het vir hom gesê: "Noem haar naam Lo-Ruḥama,[a] want Ek sal My nie meer oor die huis van Jisra'ěl ontferm deur hulle te vergewe nie.
7 "Maar Ek sal My oor die huis van Jahuda ontferm en hulle deur יהוה hulle Elohim, verlos en Ek sal hulle nie deur boog of swaard of oorlog, deur perde of ruiters verlos nie."
8 En sy het Lo-Ruḥama gespeen, en weer swanger geword en 'n seun gebaar.
9 En Hy het gesê: "Noem sy naam Lo-Ammi,[b] want julle is nie My volk nie, en Ek sal nie vir julle wees nie.
10 "Nogtans sal die getal van die kinders van Jisra'ěl wees soos die sand van die see, wat nie gemeet of getel kan word nie. En in plaas dat aan hulle gesê word: 'Julle is nie My volk nie,' sal vir hulle gesê word: 'Julle is kinders van die lewende Ěl.'
11 "En die kinders van Jahuda en die kinders van Jisra'ěl sal almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land opkom, want die dag van Jisre'ěl is groot!

2 "Sê aan julle broers: 'Ammi,'[c] en aan julle susters: 'Ruḥama.'[d]
2 "Twis met julle moeder, twis, want sy is nie My vrou nie, en Ek is nie haar Man nie. En laat sy haar hoerery van haar gesig verwyder en haar owerspel tussen haar borste weg.
3 "Anders sal Ek haar kaal stroop en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar soos 'n woestyn maak, en haar stel soos 'n droë land en haar van dors laat sterf.
4 "En Ek sal My nie oor haar kinders ontferm nie, want hulle is kinders van hoerery.
5 "Want hulle moeder het hoereer, sy wat met hulle swanger was, het skandelike dinge gedoen. Want sy het gesê: 'Ek wil agter my minnaars aanloop wat my brood en my water, my wol en my linne, my olie en my drank gee.'
6 "Daarom, kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en 'n muur om haar bou, sodat sy nie haar paaie sal vind nie.
7 "En sy sal agter haar minnaars aanloop, maar hulle nie inhaal nie, en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê: 'Laat ek gaan en terugkeer na my vorige man, want toe was dit vir my beter as nou.'
8 "En sy het nie erken dat Ek die koring en die mos en die olie vir haar gegee het nie, en haar silwer en goud vermeerder het, wat hulle vir Baäl gebruik het.
9 "Daarom sal Ek My koring terugdraai in die oestyd en My mos op die bepaalde tyd, en My wol en My linne wat haar naaktheid bedek, wegneem.
10 "En nou sal Ek haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars, en niemand sal haar uit My hand red nie.

---

[a] Nie-geliefd
[b] Nie My volk nie

[c] My volk
[d] Geliefde

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

11 "En Ek sal al haar vreugde, haar feeste,
haar Nuwemane en haar Sabbatte, selfs
al haar feestye laat ophou.
12 "En Ek sal haar wingerdstok en haar vye-
boom verwoes waarvan sy gesê het: 'Hier-
die is my beloning wat my minnaars my
gegee het.' En Ek sal dit 'n bos maak, en
die wilde diere van die veld sal dit opeet.
13 "En Ek sal haar straf vir die dae van die
Baäls toe sy vir hulle wierook gebrand
het en haar met haar neusring en juwele
versier en agter haar minnaars aangeloop
het, en My vergeet het," sê יהוה.
14 "Daarom, kyk, Ek lok haar en sal haar
in die woestyn lei en met haar hart praat.
15 "En Ek sal aan haar wingerde van daar
gee en die Vallei Agor as 'n deur van ver-
wagting. En daar sal sy reageer soos in
die dae van haar jeug, soos die dag toe
sy uit die land Mitsrajim opgekom het.
16 "En in daardie dag," sê יהוה, "sal jy My,
'My Man,' noem en jy sal My nie meer 'My
Baäl' noem nie.
17 "En Ek sal die name van die Baälim uit
haar mond verwyder, en hulle sal nie
meer op hul naam onthou word nie.
18 "En in daardie dag sal Ek vir hulle 'n ver-
bond met die wilde diere van die veld en
met die voëls van die hemel en die krui-
pende diere van die aarde sluit. En boog
en swaard en oorlog sal Ek uit die land
breek. En Ek sal hulle in veiligheid laat lê.
19 "En Ek sal jou as My bruid neem tot in
ewigheid en jou as My bruid neem in ge-
regtigheid en in reg en in guns en in ont-
ferming.
20 "En Ek sal jou as My bruid neem in
trou, en jy sal יהוה ken.
21 "En in daardie dag sal Ek antwoord," sê
יהוה, "Ek sal die hemel antwoord en hulle
sal die aarde antwoord.
22 "En die aarde sal die koring antwoord
en die mos en die olie, en hulle sal
Jisre'ěl antwoord.
23 "En Ek sal haar vir My saai in die land
en My oor Lo-Ruḥama ontferm. En Ek sal
aan Lo-Ammi sê: 'Jy is My volk,' en hy sal
sê: 'My Elohim!'"

3 En יהוה het vir my gesê: "Gaan weer,
wees lief vir 'n vrou wat 'n vriend liefhet,
en 'n owerspeelster, volgens יהוה se
liefde vir die kinders van Jisra'ěl, terwyl
hulle hul na ander elohim draai en lief is
vir rosynekoeke."
2 Toe het ek haar vir my gekoop vir
vyftien sikkels silwer en een en 'n half
ḥomer gars.
3 En ek het vir haar gesê: "Jy moet vir
baie dae by my bly, nie hoereer nie en
aan geen man behoort nie; en so sal ek
teenoor jou wees."
4 Want die kinders van Jisra'ěl sal vir baie
dae sonder koning en sonder leier en
sonder slagoffer en sonder klippilare en
sonder efod[e] en terafim[f] bly.
5 Daarna sal die kinders van Jisra'ěl terug
keer en יהוה hulle Elohim en Dawid hulle
koning soek, en יהוה en na Sy goedheid
vrees in die laaste dae.

4 Hoor die woord van יהוה, kinders van
Jisra'ěl! Want יהוה het 'n twispunt met
die inwoners van die land: "Want daar is
geen trou en geen guns en geen kennis
van Elohim in die land nie.
2 "Hulle sweer en lieg en moor en steel
en owerspel neem toe. En bloedbad raak
aan bloedbad.
3 "Daarom treur die land, en almal wat
daarop woon, kwyn met die diere van die
veld en die voëls van die hemel. En ook
die visse van die see kom om.
4 "Laat niemand met mekaar twis of
berispe nie, want jou volk is soos die wat
met die priester twis!
5 "En jy sal bedags struikel, en ook die
profeet sal saam met jou in die nag
struikel. En Ek sal jou moeder vernietig.
6 "My volk is vernietig weens gebrek aan
kennis. Omdat jy die kennis verwerp het,
verwerp Ek jou om priester vir My te wees.
Omdat jy die Tora van jou Elohim vergeet
het, sal Ek ook jou kinders vergeet.
7 "Soos hulle vermeerder het, so het hulle
teen My gesondig. My aansien het hulle
in skande verander.

---

[e] Priesterlike skouerkleed of 'n beeld.
[f] Huis of familie aanbiddingsbeelde of idole.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[8] "Hulle eet die sonde van My volk, en wek hul begeerte na hul ongeregtigheid.
[9] "En soos die volk, so sal dit met die priester gaan. Ek sal hulle straf oor hul weë en hul dade na hulle laat terugkeer.
[10] "En hulle sal eet, maar nie versadig word nie, hulle sal hoereer, maar nie vermeerder nie, want hulle het nagelaat om na יהוה te luister.
[11] "Hoerery en wyn en mos neem die hart weg.
[12] "My volk raadpleeg sy hout, en sy staf voorspel vir hulle. Want 'n gees van hoerery het hulle verlei, en hulle hoereer van onder hul Elohim.
[13] "Hulle offer op die bergtoppe en brand wierook op die heuwels, onder eike en populiere en terpentynbome, omdat die skaduwee daar goed is. Daarom hoereer julle dogters, en julle skoondogters pleeg owerspel.
[14] Ek sal nie julle dogters straf omdat hulle hoereer nie, en ook nie julle skoondogters omdat hulle owerspel pleeg nie, want die mans hoereer eenkant met hulself en offer met die tempelhoere. En die volk wat nie begryp nie, sal val.
[15] "Al hoereer jy, Jisra'ěl, laat Jahuda nie skuldig word nie! Moenie na Gilgal kom nie, en na Bět-Awen opgaan nie, en moenie sweer: 'Soos יהוה leef!'
[16] "Want Jisra'ěl is opstandig soos 'n opstandige verskalf. Sal יהוה hulle nou laat wei soos 'n lam in die oop veld?
[17] "Efrajim is verbind aan idole, laat hom staan!
[18] "Wanneer hulle drinkery klaar is, dan hoereer hulle meer. Hul leiers is versot op skande.
[19] "Die wind bind hulle in sy vlerke, en hulle is skaam oor hul offers.

5 "Hoor dit, priesters! En luister, huis van Jisra'ěl! En gee gehoor, huis van die koning! Want die vonnis is vir julle, omdat julle 'n strik vir Mitspa geword het en 'n uitgespreide net op Tabor.
[2] "Die slagting van Sittim het hulle diep gemaak, maar Ek sal hulle almal tugtig.
[3] "Ek ken Efrajim, en Jisra'ěl is nie vir My verborge nie. want nou het jy hoereer, Efrajim! Jisra'ěl is verontreinig.
[4] "Hul dade laat hulle nie na hul Elohim terugkeer nie, want 'n gees van hoerery is in hulle, en hulle ken יהוה nie.
[5] "En die trots van Jisra'ěl getuig voor hom, en Jisra'ěl en Efrajim sal in hulle ongeregtigheid struikel. Jahuda sal ook saam met hulle struikel.
[6] "Met hulle kleinvee en hulle beeste sal hulle gaan om יהוה te soek, maar Hom nie vind nie. Hy het van hulle onttrek.
[7] "Hulle het troueloos teen יהוה gehandel, want hulle het vreemde kinders verwek. Nou sal 'n nuwemaan hulle met hul deel verteer.
[8] "Blaas die ramshoring in Gibʿa, die trompet in Rama! Skreeu, Bět-Awen. Agter jou, Binjamin!
[9] "Efrajim word verwoes op die dag van straf. Tussen die stamme van Jisra'ěl sal Ek bekend maak wat seker is.
[10] "Die leiers van Jahuda is soos hulle wat die grenslyne verskuif. Ek sal My grimmigheid oor hulle uitstort soos water.
[11] "Efrajim is verdruk, gebreek deur die oordeel, want dit het hom behaag om Tsaw[g] te volg.
[12] "Daarom is Ek vir Efrajim soos 'n mot en vir die huis van Jahuda soos vrotheid.
[13] "Toe Efrajim sy siekte en Jahuda sy wond gesien het, het Efrajim na Ashshur gegaan en na koning Jarěb gestuur. Maar hy kan julle nie genees of die wond van julle verwyder nie.
[14] "Want Ek is soos 'n leeu vir Efrajim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Jahuda. Ek, Ek skeur en gaan, Ek dra weg en niemand kan red nie.
[15] "Ek sal gaan, Ek sal terugkeer na My woonplek, totdat hulle hul skuld bely en My gesig soek. In hulle nood sal hulle My soek:

6 'Kom en laat ons terugkeer na יהוה; want Hy het geskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.
[2] 'Hy sal ons na twee dae lewend maak, op die derde dag laat Hy ons opstaan,

[g] Naam van 'n idool of gebod van mense

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

sodat ons voor Hom kan lewe.
3 'En laat ons ken, laat ons streef om יהוה te ken. Sy opgang is so seker soos dagbreek, en Hy sal na ons kom soos die reën, soos die laat en die vroeë reën na die aarde.'
4 "Efrajim, wat sal Ek met jou doen? Jahuda, wat sal Ek met jou doen? Want jul goedheid is soos 'n môrewolk en soos vroeë dou wat verdwyn.
5 "Daarom het Ek deur die profete afgekap, hulle doodgeslaan deur die woorde van My mond. En jou oordele kom uit soos 'n ligstraal.
6 "Want Ek het vreugde in guns en nie slagoffers nie, en in kennis van Elohim meer as in brandoffers.
7 "Maar soos Adam het hulle die verbond oortree. Daar het hulle bedrieglik teen My gehandel.
8 "Gíl'ad is 'n stad van boosdoeners, met spore van bloed.
9 "En soos 'n rowersbende op loer lê vir 'n man, so moor 'n priesterbende op pad na Shekem, want hulle het boosheid gedoen.
10 "Ek het 'n afskuwelike ding in die huis van Jisra'ěl gesien: Efrajim se hoerery, Jisra'ěl is verontreinig.
11 "Ook vir jou, Jahuda, is daar 'n oes beskik wanneer Ek die ballingskap van My volk verander.

7 "Wanneer Ek Jisra'ěl genees, word die ongeregtigheid van Efrajim en die booshede van Shomaron geopenbaar. Want hulle doen bedrog en die dief kom in en 'n rowerbende plunder buite.
2 "En hulle sê nie in hulle hart dat Ek al hul boosheid onthou nie. Nou omsingel hul dade hulle, dit is voor My gesig.
3 "Met hulle boosheid verbly hulle die koning en die leiers met hulle leuens.
4 "Hulle is almal owerspelers, hulle is soos 'n brandende oond van die bakker wat ophou aanblaas, terwyl hy die deeg knie word tot dit deursuur is.
5 "Op die dag van ons koning het die leiers siek geword deur sakke wyn. Hy het sy hand na die spotters uitgesteek.
6 "Want hulle het nader gekom, hul hart is soos 'n oond. Terwyl hulle die hele nag lê en wag slaap hul bakker. In die môre brand dit soos 'n vlammende vuur.
7 "Hulle almal is warm soos 'n oond en het hul regeerders verteer. Al hul konings het geval – niemand tussen hulle roep na My nie.
8 "Efrajim vermeng hom met die volke. Efrajim is 'n roosterkoek wat nie omgekeer is nie.
9 "Vreemdes het sy krag verteer, en hy weet dit nie. Ouderdom is ook oor hom gesprei, en hy weet dit nie.
10 "En die trots van Jisra'ěl getuig voor hom, en hulle keer nie terug na יהוה hulle Elohim nie, en met dit alles soek hulle Hom nie.
11 "En Efrajim is soos 'n eenvoudige duif sonder 'n hart, hulle het na Mitsrajim geroep, hulle het na Ashshur gegaan.
12 "Wanneer hulle gaan, sprei Ek My net oor hulle, Ek trek hulle af soos die voëls van die hemel, Ek tugtig hulle soos hulle gemeente gehoor het.
13 "Wee hulle, want hulle het van My gevlug! Verwoesting oor hulle, omdat hulle teen My oortree het! En Ek het hulle verlos, tog het hulle leuens teen My geuiter.
14 "En hulle het nie met hul hart na My geroep terwyl hulle op hul beddens gehuil het nie. Vir koring en mos vergader hulle hulself; hulle draai weg van My.
15 "En Ek het getugtig, hul arms versterk, maar hulle beraam boosheid teen My.
16 "Hulle keer terug, maar nie na bo nie. Hulle is soos 'n bedrieglike boog. Hulle leiers sal deur die swaard val weens die vloeke van hulle tong. Dit is hul bespotting in die land Mitsrajim.

8 "Die ramshoring na jou mond! Soos 'n arend teen die Huis van יהוה! Omdat hulle My verbond oortree het en teen My Tora gerebelleer het.
2 "Hulle roep na My: 'My Elohim, ons, Jisra'ěl, ken U!'
3 "Jisra'ěl het die goeie verwerp, die vyand agtervolg hom!
4 "Hulle het konings aangestel, maar nie deur My nie. Hulle het regeerders aange-

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

stel, wat Ek nie ken nie. Van hul silwer en goud het hulle idole vir hul gemaak dat hulle afgesny is.
[5] "Jou kalf, Shomaron, is verwerp. My toorn het teen hulle ontvlam. Hoe lank sal hulle onbevoeg tot reinheid wees?
[6] "Want uit Jisra'ěl is selfs dit: 'n smid het dit gemaak, en dit is nie Elohim nie! Want die kalf van Shomaron is splinters!
[7] "Want hulle saai wind, maar hulle sal stormwind oes. Dit het geen halm nie, die spruit, lewer geen meel nie. Indien dit iets lewer, verslind vreemdelinge dit.
[8] "Jisra'ěl is verslind. Hulle is nou tussen die volke soos iets sonder waarde.
[9] "Want hulle het na Ashshur opgetrek. Efrajim is 'n wilde-donkie, alleen op sy eie! Hulle het minnaars gehuur.
[10] Ook, al het hulle hul tussen die volke verhuur, sal Ek hulle nou vergader, en hulle sal bietjie moeilik hê weens die laste deur die koning van die leiers.
[11] "Omdat Efrajim baie altare vir sonde gemaak het, het dit altare tot sonde vir hom geword.
[12] "Ek het vir hom 'n magdom dinge van My Tora neergeskryf, maar dit word as iets vreemds geag.
[13] "As slagoffers vir My, slag hulle vleis en eet. יהוה sal dit nie aanvaar nie. Nou onthou Hy hulle ongeregtigheid en straf hulle sondes. Laat hulle terugkeer na Mitsrajim.
[14] "Want Jisra'ěl het sy Maker vergeet en paleise gebou. En Jahuda het versterkte stede vermeerder. Maar Ek sal vuur op sy stede stuur wat sy paleise sal verteer."

9 Jisra'ěl, moenie soos die volke juig van vreugde nie, want jy het van jou Elohim af gehoereer. Jy het betaling op al die koringdorsvloere liefgehad.
[2] Dorsvloer en parskuip sal hulle nie voed nie, en die mos sal hulle in die steek laat.
[3] Hulle sal nie in die land van יהוה bly nie, maar Efrajim sal na Mitsrajim teruggaan, en in Ashshur sal hulle onrein eet.
[4] Hulle sal vir יהוה geen wyn uitgiet nie, en hulle slagoffers sal nie deur Hom aanvaar word nie – dit sal soos brood van idole vir hulle wees, almal wat daarvan eet, is onrein. Want hulle brood is vir hulleself, dit kom nie in die Huis van יהוה nie.
[5] Wat doen julle op die feestyd en op die feesdag van יהוה?
[6] Want kyk, hulle sal gaan weens die verwoesting – Mitsrajim sal hulle versamel, Mof begrawe hulle, onkruid besit hulle skat van silwergoed, dorings is in hulle tente.
[7] Die dae van straf het gekom, die dae van vergelding het gekom. Jisra'ěl weet! Die profeet is 'n dwaas, die man van die gees mal, weens die grootheid van jou ongeregtigheid, en die vyandskap is groot.
[8] Die profeet is my Elohim se wagter oor Efrajim, maar die net van 'n voëlvanger is op al sy paaie. Vyandskap is in die Huis van sy Elohim.
[9] Hulle het ernstig verrot soos in die dae van Giḇ'a. Hy onthou hul ongeregtigheid, Hy straf hul sondes.
[10] "Ek het Jisra'ěl gevind soos druiwe in die woestyn. Ek het julle vaders gesien soos die eerste ryp vye aan die vyeboom in sy begin. Hulle het na Baäl-Peor gegaan en hulle tot skande toegewy en 'n gruwel geword volgens hulle liefde.
[11] "Efrajim se aansien sal wegvlieg soos 'n voël. Geen geboorte, geen swangerskap, geen bevrugting meer nie!
[12] Selfs al maak hulle hul kinders groot, Ek sal hulle kinderloos maak, sonder 'n mens. Want, wee hulle wanneer Ek van hulle wegdraai.
[13] "Ek het Efrajim gesien, soos Tsor, geplant in 'n mooi omgewing. Maar Efrajim sal sy seuns na die moordenaar uitbring."
[14] Gee hulle, יהוה – wat sal U gee? Gee hulle 'n skoot van misgeboorte en droë borste.
[15] "Al hulle boosheid is byeen in Gilgal, want daar het Ek hulle gehaat. Weens die boosheid van hul dade sal Ek hulle uit My huis dryf, Ek het hulle nie meer lief nie. Al hulle leiers is rebelle.
[16] "Efrajim is geslaan, hulle wortel het verdroog, hulle dra geen vrug nie. Selfs

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

wanneer hulle kinders baar, sal Ek die geliefdes van hulle skoot doodmaak."
17 My Elohim verwerp hulle, omdat hulle nie na Hom geluister het nie, en hulle sal rondswerf tussen die heidennasies!

10 Jisra'ěl is 'n ontaarde wynstok wat vrug vir homself voortbring. Volgens die oorvloed vrug wat hy gedra het, het hy die altare vermeerder. Volgens die welvaart van sy land, het hulle groter klippilare gemaak.
2 Hulle hart is verdeeld, nou is hulle skuldig. Hy sal hulle altare stukkend breek, hulle klippilare verwoes.
3 Want nou sal hulle sê: "Ons het geen koning nie, want ons het יהוה nie gevrees nie. Wat sou die koning vir ons doen?"
4 Hulle het woorde gesê, vals gesweer met die sluit van verbonde. En die oordeel spruit soos 'n gifplant uit in die vore van die landerye.
5 Weens die verskalwers van Bět-Awen sal die inwoners van Shomaron ineenkrimp. Want sy volk en sy idool-priesters wat oor hom gejubel het, sal oor hom treur, omdat sy aansien van hom weggegaan het.
6 Hy sal ook na Ashshur geneem word as 'n geskenk aan koning Jarěḇ. Efrajim sal skaamte ontvang, en Jisra'ěl sal in skaamte staan oor sy eie raadsbesluit.
7 Shomaron word afgesny, haar koning is soos 'n splinter op die oppervlak van die water.
8 En die hoogtes van Awen, Jisra'ěl se sonde, sal vernietig word, dorings en distels sal op hulle altare opskiet. En hulle sal vir die berge sê: "Bedek ons!" en vir die heuwels: "Val op ons!"
9 "Jisra'ěl, van die dae van Giḇ'a het jy gesondig! Daar het hulle gestaan. Die stryd in Giḇ'a teen die kinders van verdorwenheid het hulle nie oorval nie.
10 "Wanneer Ek wil, dan tugtig Ek hulle En volke sal teen hulle versamel word wanneer Ek hulle bind vir hul dubbele ongeregtighede.
11 "En Efrajim is 'n geleerde jong verskalf wat gewillig dors. Maar Ek self sal oor haar mooi nek gaan – Ek sal Efrajim laat trek, Jahuda sal ploeg, Jaäkoḇ sal eg."
12 Saai vir julle geregtigheid, oes volgens guns, breek vir julle 'n geploegde land, want dit is tyd om יהוה te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.
13 Julle het boosheid geploeg, julle het ongeregtigheid geoes, die vrug van leuens geëet, omdat jy op jou weg vertrou het, op jou baie helde.
14 En 'n rumoer sal tussen jou volke opgaan en al jou vestings sal verwoes word net soos Shalman Bět-Arběl verwoes het in die dag van oorlog – moeders is met kinders en al verpletter.
15 Net so sal aan julle gedoen word, Bět-Ěl, weens julle gruwelike boosheid. In die môre vroeg is die koning van Jisra'ěl totaal afgesny!

11 "Toe Jisra'ěl 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Mitsrajim het Ek My seun geroep.
2 "Hulle het hul geroep, daarom het hulle van hulle gesig af weggegaan. Hulle het aan die Baäls geoffer en vir die gesnede beelde wierook gebrand.
3 "En Ek het Efrajim geleer loop, hulle aan hul arms geneem, maar hulle het nie geweet dat Ek hulle genees het nie.
4 "Ek het hulle met toue van mense, met koorde van liefde getrek, en Ek was vir hulle soos diegene wat die juk van hulle wang af oplig. En Ek het neergebuig, en hulle laat eet.
5 "Hy sal nie terugkeer na die land Mitsrajim nie, maar Ashshur sal sy koning wees, omdat hulle geweier het om terug te draai!
6 "En die swaard sal in sy stede geswaai word en sy grendels vernietig en verteer weens hulle planne.
7 "Want My volk is geneig om van My afvallig te word. Alhoewel hulle na die Allerhoogste roep, word niemand van hulle opgelig nie.
8 "Hoe kan Ek jou oorgee, Efrajim? Sal Ek jou red, Jisra'ěl? Hoe kan Ek jou soos Adma maak? Jou met Tsaḇojim gelykstel?

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

My hart draai in My, al My meegevoel is opgewek.
9 "Ek sal My toorngloed nie laat brand nie, Ek sal nie draai om Efrajim te vernietig nie. Want Ek is Ěl en nie 'n mens nie, die Afgesonderde in jou midde, en Ek sal nie in vyandskap kom nie.
10 "Hulle sal agter יהוה aan loop. Hy sal soos 'n leeu brul. Wanneer Hy brul, dan sal die kinders van die see bewe.
11 "Hulle sal bewe soos 'n voëltjie uit Mitsrajim en soos 'n duif uit die land Ashshur. En Ek sal hulle laat woon in hulle huise," sê יהוה.

12 "Efrajim het My met leuens omsingel, en die huis van Jisra'ěl met bedrog. Maar Jahuda regeer steeds met Ěl, en is getrou saam met die afgesonderdes."
2 Efrajim teer op wind, en agtervolg die oostewind. Die hele dag vermeerder hy leuens en geweld. En hulle sluit 'n verbond met Ashshur, en olie word na Mitsrajim gevoer.
3 En יהוה het 'n twis met Jahuda, en Hy sal Jaakoḇ straf volgens sy weë, hom vergeld volgens sy dade.
4 In die baarmoeder het hy sy broer aan die hakskeen gegryp, en in sy krag het hy met Elohim geworstel.
5 En hy het met die Boodskapper geworstel en oorwin, hy het geween en Hom gesmeek. By Bět-Ěl het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gepraat.
6 En יהוה Elohim van die leërskare, יהוה is Sy gedenknaam.
7 En jy keer terug na jou Elohim, beoefen liefde en geregtigheid, en verwag op jou Elohim voortdurend.
8 Kanaän - in sy hand is daar 'n skaal van bedrog, hy is lief om te verdruk.
9 En Efrajim sê: "Verseker het ek ryk geword, ek het rykdom gevind. In al my werke, sal hulle geen ongeregtigheid in my vind wat sonde is nie."
10 "Maar Ek is יהוה jou Elohim vanaf die land Mitsrajim, Ek sal jou weer in tente laat woon soos in die dae van die fees.
11 "En Ek het met die profete gepraat, en Ek het visioene vermeerder, en deur die hand van die profete gelykenisse gebruik."
12 Is Gíl'ad boos? Hulle is verseker nietigheid. In Gilgal het hulle beeste geoffer. Ook is hulle altare soos kliphope op die vore van die landerye.
13 Toe Jaakoḇ na die land van Aram gevlug het, het Jisra'ěl as vrou gedien, en vir 'n vrou het hy waggehou.
14 En deur 'n profeet het יהוה Jisra'ěl uit Mitsrajim laat optrek, en deur 'n profeet is hulle opgepas.
15 Efrajim het bitterlik getart, daarom sal Hy sy bloedskuld op hom laat neerkom. Ja, sy Meester sal hom vergeld vir sy vernedering.

13 Toe Efrajim verskrikkend gepraat het, was hy verhef in Jisra'ěl. Maar deur Baäl is hy skuldig en het gesterf.
2 En nou hou hulle aan sondig en het vir hulle 'n gegote beeld van hulle silwer gemaak, idole volgens hulle insig, alles die werk van vakmanne. Hulle sê daarvan: "Die mense wat slag, moet die kalwers soen!"
3 Daarom sal hulle soos 'n môrewolk wees en soos dou wat vroeg weer verdwyn, soos kaf wat waai van die dorsvloer en soos rook uit 'n venster.
4 "Maar Ek is יהוה, jou Elohim sedert die land Mitsrajim, en buiten My het jy geen Elohim geken nie, en naas My is daar geen Verlosser nie.
5 "Ek het jou in die woestyn geken, in die land van droogtes.
6 "Volgens hulle weiding is hulle versadig. Hulle is versadig en hul hart is verhef, daarom het hulle My vergeet.
7 "En Ek is soos 'n leeu vir hulle, soos 'n luiperd loer Ek langs die pad.
8 "Ek val hulle aan soos 'n beer wat van kleintjies beroof is, en Ek skeur hulle borskas oop. En daar verslind ek hulle soos 'n leeu, 'n wilde dier sal hulle verskeur.
9 "Jy het jouself vernietig, Jisra'ěl, maar jou hulp is in My.
10 "Waar is jou koning nou om jou in al jou stede te verlos, en jou regters van wie jy gesê het: 'Gee my 'n koning en leiers?'
11 "Ek het jou 'n koning in My toorn gegee,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en Ek het in My grimmigheid weggeneem.
12 "Die ongeregtigheid van Efrajim is saamgebind, sy sonde is weggesteek.
13 "Geboortepyne sal oor hom kom. Hy is nie 'n slim seun nie, want dit is nie die tyd dat hy staan vir kindergeboortes nie.
14 "Uit die mag van Sheöl sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle van die dood verlos. Dood, waar is jou plae? Sheöl, waar is jou vernietiging? Berou is van My oë weggesteek.
15 "Al dra hy vrug tussen die broers, kom 'n oostewind, 'n wind van יהוה kom uit die woestyn en droog sy fontein op en sy bron verdroog. Dit plunder 'n skat van allerhande kosbare voorwerpe.
16 "Shomaron is skuldig, omdat sy teen haar Elohim gerebelleer het – hulle val deur die swaard, hulle babas word verpletter en hulle swanger vrouens oopgesny."

14 Keer terug, Jisra'ěl, na יהוה jou Elohim, want jy het deur jou ongeregtigheid gestruikel.
2 Neem woorde met julle, en keer terug na יהוה. Sê aan Hom: "Neem alle ongeregtigheid weg, en aanvaar wat goed is, en ons sal die beeste van ons lippe aanbied.
3 "Ashshur red ons nie. Ons ry nie op perde nie en aan die werk van ons hande sê ons nooit weer: 'Ons elohim,' nie! Want by U vind die vaderlose ontferming."
4 "Ek sal hulle afvalligheid genees, hulle spontaan liefhê, want My toorn is van hulle weggedraai.
5 "Ek sal soos die dou vir Jisra'ěl wees. Hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos Leḇanon.
6 "Sy lote sal sprei, en sy prag sal soos 'n olyfboom wees en sy geur soos Leḇanon.
7 "Die wat onder sy skaduwee bly, sal terugkeer. Hulle sal *soos* koring leef en hulle sal bloei soos die wingerdstok, en die geur soos die wyn van Leḇanon.
8 "Wat het Efrajim nog met idole te doen? Ek antwoord hom en sien om na hom. Ek is soos 'n groen sipres, jou vrug kom uit My."
9 Wie is wys en begryp hierdie *dinge*, verstaan en ken dit? Want die weë van יהוה is reg, en die regverdiges sal daarin loop, maar die oortreders daarin struikel!

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe